higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1340**(A)**(J14)H

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# PERSONEELOPLEIDING N5

(4110445)

**14 Junie 2019 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
PERSONEELOPLEIDING N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS.

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 40 punte |
| AFDELING B: | 160 punte |
| GROOTTOTAAL: | 200 punte |

2. AFDELING A is VERPLIGTEND.

3. Beantwoord enige VIER vrae in AFDELING B.

4. Lees AL die vrae aandagtig deur.

5. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.1.1 | Onderwys | A | dui die vraag en aanbod van en na arbeid aan |
| 1.1.2 | Arbeidsmark | B | nagebootsde oefeninge wat van leerders vereis om op te tree |
| 1.1.3 | Rolspel | C | die wat nie in diens is nie en nie werk het nie |
| 1.1.4 | Arbeidsmag | D | fokus op geletterdheid, gesyferdheid, vakkennis, ens. |
| 1.1.5 | Gevallestudies | E | nagebootsde tipe leer om 'n verbeelde sakeprobleem te ontleed |
| | | F | vereis van leerders om rolle te vertolk |
| | | G | sistematiese en beplande verkryging van vaardighede |

(5 × 2) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer. Korrigeer die stelling indien die antwoord ONWAAR is.

1.2.1 Die beginsel van 'n psigologiese klimaat vereis van instrukteurs om opleiding op so 'n wyse te struktureer dat die leerders al hul sintuie gebruik.

1.2.2 'Erkenning van vroeëre leer' is een van die beginsels van die NKR ('NQF').

1.2.3 Demonstrasies kan in tegniese en nietegniese opleiding gebruik word.

1.2.4 'n Kontrolelys verseker dat alle detail wat met die doeltreffende aanbieding van werkswinkels verband hou nie misgekyk of afgeskeep word nie.

1.2.5 Die nadeel van die gebruik van interaktiewe media is dat toerusting relatief duur is. (5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou 

1.3 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende stellings gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Kleingroepies (5 of 6 mense) wat in taakgroepe deelneem om 'n besluit te neem:

A Kursus
B Gonsgroepe
C Kongres
D Vergadering

1.3.2 Leerstyl wat alle invalshoeke en implikasie oorweeg voordat opgetree word:

A Aktiviste
B Denkers
C Pragmatiste
D Teoretici

1.3.3 Leerprobleem wat tydens die leweringsfase ervaar word:

A Sagte of onhoorbare spraak
B Swak langtermyngeheue
C Verswakte gehoor
D Verkeerde assosiasies

1.3.4 Die instrukteur se rol:

A Uitvinder
B Bemarker
C Komediant
D Sosialis

1.3.5 'Jake weet wat hy doen. Wat dink jy, Stacey?' is 'n voorbeeld van watter tipe vraag?

A Toetsvraag
B Hergerigte vraag
C Oopeindevraag
D Responsvraag

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

1.4 Definieer elk van die volgende terme kortliks:

1.4.1 Arbeidsproduktiwiteit

1.4.2 Informele sektor

1.4.3 Teateruitleg

1.4.4 Gevallestudie

1.4.5 Remediërende onderwyser

(5 × 2) (10)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B

## VRAAG 2

2.1 Suid-Afrika ervaar heelwat mannekragprobleme.

Bespreek die mannekragprobleme wat hieronder gelys word:

2.1.1 Meganisasie en tegnologiese ontwikkeling (5 × 1) (5)

2.1.2 Lae produktiwiteit (5 × 1) (5)

2.2 Verduidelik die doelwitte van die Departement van Arbeid. (4 × 2) (8)

2.3 Demonstrasies is geïllustreerde lesings of aanbiedinge.

2.3.1 Noem SES voordele van die gebruik van demonstrasies as metode. (6 × 2) (12)

2.3.2 Noem VYF nadele van die gebruik van demonstrasies as metode. (5 × 2) (10)
**[40]**

**VRAAG 3**

3.1 Jy het besluit om 'n werklike voorwerp tydens 'n aanbieding te gebruik.

Verduidelik VIER voordele van die gebruik van hierdie medium. (4 × 2) (8)

3.2 Noem en verduidelik kortliks VYF riglyne vir die gebruik van alle tipes oudiovisuele opleidingsmedia. (5 × 2) (10)

3.3 Noem VYF voorbeelde van insette ten opsigte van die stelselsbenadering tot opleiding. (5)

3.4 Die uitvoer van 'n behoeftesontleding, ontwerp en implementering van opleidingsprogramme, uitvoer van 'n impak-assessering en die monitering van die doeltreffende gebruik van die opleidingsbegroting.

Verduidelik hoe jy die volgende rolle kan aanwend:

3.4.1 Behoefteontleder

3.4.2 Evalueerder

3.4.3 Administreerder van 'n opleidingsprogram

3.4.4 Programontwerper

3.4.5 Groepfasiliteerder

(5 × 2) (10)

3.5 Verskaf SEWE redes om te motiveer waarom dit belangrik is om tydens 'n aanbieding vrae te vra. (7)

**[40]**

## VRAAG 4

4.1 Kies 'n leerbeginsel uit KOLOM B om by 'n term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 4.1.1 | Motivering | A | alle sintuie word in die leerproses gebruik |
| 4.1.2 | Leer deur te doen | B | elke individu leer teen 'n ander tempo afhangende van sy of haar vermoëns |
| 4.1.3 | Eie pas | C | individue moet leer geniet en moenie leer om een of ander rede teenstaan nie |
| 4.1.4 | Probeer en fouteer | D | praktiese toepassing en gebruik versterk leer |
| 4.1.5 | Multisensoriese inset | E | leerders word toegelaat om foute te maak |

(5 × 2) (10)

4.2 By die opleiding van 'n hotelgroep se lynbestuurders moet die instrukteur die inmandjie-metode ('in-basket method') ook gebruik.

Verduidelik die doelstellings van die gebruik van hierdie metode. (4 × 2) (8)

4.3 Dit is belangrik dat sy elke les met opwarmingsaktiwiteite begin.

Noem VYF doelwitte van hierdie aktiwiteite. (5 × 2) (10)

4.4 Dit belangrik dat jy as instrukteur leerprobleme wat leerders op verskillende stadia ervaar identifiseer, en hierdie leerders vir professionele hulp te verwys.

Verduidelik die rolle van die volgende professionele persone in die hantering van leerprobleme:

4.4.1 Sielkundiges

4.4.2 Spraakterapeute

4.4.3 Neuroloë

4.4.4 Opvoedkundige sielkundiges

4.4.5 Arbeidsterapeute

4.4.6 Remediërende onderwysers

(6 × 2) (12)
**[40]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 5**

5.1 Skryf die volgende afkortings en akronieme volledig uit:

5.1.1 SOOO ('SETA')

5.1.2 SAKO ('SAQA')

5.1.3 NOR ('NTB')

5.1.4 NVO ('NSA')

5.1.5 NVF ('NSF')

(5 × 2) (10)

5.2 Noem VYF basiese doelstellings van UGO. (5 × 2) (10)

5.3 Fasiliteerders wat met volwassenes werk moet die eienskappe van volwasse leerders verstaan.

5.3.1 Noem VIER voorvereistes vir volwasse leer. (4 × 2) (8)

5.3.2 Noem enige SES doelstellings van rolspel. (6 × 2) (12)

**[40]**

**VRAAG 6**

6.1 Noem VYF voordele van 'n selfstudiemetode. (5 × 3) (15)

6.2 Onderskei tussen *mentoring* en *berading*. (2 × 2) (4)

6.3 Noem DRIE nadele daarvan om speletjies as 'n opleidingsmetode te gebruik. (3 × 2) (6)

6.4 Bespreek elk van die volgende beginsels van die NKR ('NQF'):

6.4.1 Integrasie

6.4.2 Buigsaamheid

6.4.3 Geloofwaardigheid

6.4.4 Verplaasbaarheid

6.4.5 Samehang (5 × 3) (15)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 160**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou